

Gelofte

(Afrikaans)

Hier staan ons
 voor die heilige GOD van hemel en aarde
 om 'n gelofte aan Hom te doen dat
 as Hy ons sal beskerm
 en ons vyand in ons hand sal gee,
 ons die dag en datum elke jaar as 'n dankdag
 soos 'n sabbat sal deurbring,
 en dat ons 'n huis tot sy eer sal oprig
 waar dit Hom behaag,
 en dat ons ook aan ons kinders sal sê dat
 hulle met ons daarin moet deel tot
 nagedagtenis ook vir die opkomende geslagte
 want die eer van Sy naam sal verheerlik word
 deur die roem en die eer van oorwinning
 aan Hom te gee.

Skriflesing: Psalm 46

Teks: **Psalm 46: 2, 5**

Sing- Ps. 146:1, 8; Ps. 71:1, 10, 15; Ps. 46:1,2,6

Psalm 46

Psa 46:1 Vir die musiekleier. Van die kinders van Korag. Met sopraanstemme. 'n Lied.

Psa 46:2 God is vir ons 'n toevlug en sterkte; as hulp in benoudhede is Hy in hoë mate beproef.

Psa 46:3 Daarom sal ons nie vrees nie, al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see.

Psa 46:4 Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy onstuimigheid! Sela.

Psa 46:5 Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste.

Psa 46:6 God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek.

Psa 46:7 Nasies het gebruis, koninkryke het gewankel; Hy het sy stem verhef; die aarde bewe.

Psa 46:8 Die HERE van die leërskaars is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons. Sela.

Psa 46:9 Kom, aanskou die dade van die HERE, wat verskriklike dinge oor die aarde bring,

Psa 46:10 wat die oorloë laat ophou tot by die einde van die aarde, die boog verbreek en die spies stukkend slaan, die strydwaens met vuur verbrand.

Psa 46:11 Laat staan en weet dat Ek God is; Ek sal hoog wees onder die nasies, hoog op die aarde.

Psa 46:12 Die HERE van die leërskaars is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons. Sela.

Skriflesing: Psalm 46

Teks: **Psalm 46: 2, 5**

Sing- Ps. 146:1, 8; Ps. 71:1, 10, 15; Ps. 46:1,2,6

Geliefde volksgenote in ons Here Jesus Christus, as ons agter die skerms van Psalm 46

inbeweeg en ons kyk na die omstandighede van ons voorouers in 1838 dan is daar so baie wat ons op hierdie Geloftedag voor oë mag hou. Psalm 46 is omtrent so 700 jaar voor die koms van Christus geskryf. Juda en Benjamin was twee klein ryke, maar het 'n goeie koning gehad. Koning Hiskia het regeer. Juda het so pas uit hulle ellende en vernedering kon begin opstaan. Dinge het in Juda net begin regkom toe kom daar 'n bedreiging wat die ou klein

landjie, ja die twee klein stamme, Juda en Benjamin op geen manier hulleself kon verdedig nie. Die Assiriërs met hulle magtige koning Sanherib het teen die hoofstad Jerusalem opgeruk. Sanherib het met 'n weermag van 185 000 man opgeruk om Juda en Benjamin oor te neem. Al hierdie dinge lees ons in 2 Konings 19.

Angs en vrees het Hiskia oorval. As een van die Koragiete later hierdie Psalm skryf, hy skryf dit na aanleiding van die gebeure in 2 Konings 19, dan beskryf hy sy volk se ang en nood aan die hand van 'n verskriklike aardbewing of ander verklaarders sien hierin die mitiese verhaal wat in die kring van die heidene oorvertel was. Israel se buurvolk het 'n mite gehad dat vóór die skepping daar was, toe alles met water oortrek was, was dit asof die aarde, met die berge en die see hulle hele balans wou verloor. Die digter skryf aan die hand van hierdie verhaal dat *al waggel die aarde en al wankel die berge weg in die hart van die see. Laat sy waters bruis, laat hulle skuim; laat die berge bewe deur sy onstuimigheid ...* Hierdie verskriklike beskrywing van 'n verskrikte volk is hoe die kind van Korag sy eie volk se gevoelens met die oormag van Sanherib wou opsom. Dit voel vir hulle die hele aarde waggel. Menslik gesproke het dit vir koning Hiskia en sy volk gelyk hier is vir ons geen uitkoms moontlik nie. Vanaf vers 9 is die Psalm in sy tweede deel nie net met die gevoelens van 'n verskriklike aardbewing en mitiese waggelende aarde meegevoer soos in die eerste helfte van die Psalm nie, maar gaan die tweede deel juis oor die werklikhede wanneer daar 'n verskriklike oorlog woed. Iets wat die Voortrekkers in 1838 ook te wagte kon wees. Die digter praat van die Here wat verskriklike dinge oor die aarde kan bring.

Deel van die verskrikking is oorlog. 1838 was vir ons voorouers 'n verskriklike jaar. Sonder om te diep daarop te wil ingaan, dink aan die verskriklike lewensverliese by Bloukrans, kindertjies teen die wawiele se koppe platgeslaan, swanger vroue deurboor, dink aan Weenen, Boesmansrivier, Moordspruit. Ja, het die Zoeloes gesê nadat hulle in Februarie 1838 verraderlik vir Piet Retief en sy manskappe vermoor het, toe het die een Zoeloe kryger dit uitgeroep, Retief en sy manne is dood, maar sê Dingaana se raadgewer, ene “Ndzobe”, hy was op 16 Desember ook een van die aanvoerders ... “nou moet ons die wyfievoël en die kleintjies op die nes gaan vang”.

Dit was die begin van groot verskrikking vir die vroue en kinders. Die “wyfievoël” is werklik op haar nes afgemaai. Die begin van 'n oorlog is in God se hande maar watter genade staan in vers 10 dat dieselfde God kan oorloë ook weer laat ophou. God doen dit

verby die punt waar die aarde eindig, Hy verbreek die spies, slaan dit stukkend, die strydwaens kan brand. 16 Desember 1838 was op 'n sekere manier ook 'n bewys van Psalm 46 vers 10. Verskrikking wat ook weer kan ophou.

Onthou Assirië was op daardie stadium die magtigste ryk ter wêreld. Vir die ou klein volkie van Sion voel dit of alles rondom hulle inmekaar gaan tuimel soos dit met die aarde kon gebeur vóór daar 'n geordende skepping was. Dis komplete of die aarde waggel. Asof die berge tot in die see wankel (v 3) Dis vir hulle asof die grootste storm wat daar kan wees losgebreek het. Vv. 2-3 beskryf baie mooi hierdie verskriklike gevoel wat daar in hierdie tyd in die deel van Juda geheers het. Ook vers 4 in die 2020 vertaling - 4 Sy waters kan maar woed, kan maar skuim, berge kan maar bewe in sy dreuning.

Koning Hiskia was deur vrees oorval, hy was radeloos, hy was bang en benoud wat ons in alle geval kan begryp. Wat kan die klein klompie mense uit die stamme van Juda en Benjamin teen 'n leërskaer van mense uit Assirië regkry. Die Assiriërs het in alle geval alreeds oor die ander tien stamme gehardloop, hulle oorwin; al wat nog staan is die klompie mense uit die stamme van Juda en Benjamin en eintlik voel hulle hul in Jerusalem vasgekeer. Hier sal ons nie uit nie, hier sal ons sterf en oorrumpel word.

Dan gebeur iets wonderlik wat in alle geval baie sterk aansluiting vind ook by die wonder wat ons voorouers in 1838 kon beleef het. Hiskia sak op sy knieë neer, hy is regeerder van sy gebied, hy is staatsman maar hy besef al wat kan help is om tot God sy toevlug te neem. Maar weet u broeder en suster, wat maak hierdie optrede van Hiskia nog mooier. Hiskia die staatsman wil nie alleen bid nie. Hy laat Jesaja, die Godsman, die profeet van die Here na hom toe kom. Saam het hierdie twee manne voor die Here neergekniel en hulle bid tesame. Hierdie wonderlike gebeure staan vir ons in 2 Konings 19 hoe Jesaja gebid het en hoe Hiskia gebid het en weet u 185 000 manne is deur die gebed van 2 mense getref, want lees ons wat het gebeur in 2 Konings 19 vers 35- 35 *Daardie nag het 'n engel van die Here gegaan en honderd vyf en tagtig duisend man in die Assiriese kamp doodgemaak. Toe die Assiriërs die môre vroeg opstaan, lê die lyke almal daar ...*

'n Mens wil vra is dit moontlik, sommer maar net so, ook as ons die gebeure in die 2020-vertaling lees- *Daardie nag het 'n Engel van die Here uitgetrek en in die kamp van die Assiriërs honderd vyf-en-tagtigduisend neergevel. Toe die mense van Jerusalem vroeg die*

oggend opstaan, was hulle morsdood, almal lyke! Almal net lyke, elke Assiriër wat gedink het om Jerusalem met die grond gelyk te maak, daar was aan Israel se kant geen swaard uit die skede getrek, geen pyl geskiet nie, ja toe almal in Jerusalem daardie oggend wakker word toe lê daar lyke en lyke op mekaar. Om 185 000 se dood gelyk te moes aanskou, almal lyke het gemaak dat die kind van Korag 'n Psalm oor hierdie gebeure geskryf het.

Die kind van Korag weet van ons sou daar niks oorgebly het as die Assiriërs in hulle geweld en hulle getalle ons werklik sou getref het. Daarom skryf die kind van Korag die wonderlike jubellied wat ons ken as Psalm 46. Verlede Sondag was die tema vir ons prediking in die gemeente reeds gewees, nooit maar nooit mag ons die almag van ons Here, minag of onderskat nie. Vandag geld presies dieselfde waarheid. Psalm 46 vertel ons van God se almag. Hoe dit gebeur het dat so baie aanvallers teen God se kinders in een nag gesterf het, is dit asof God vir ons sê ... dit hoef julle nie te weet nie. Was dit dalk van die verskriklike natuurrampe wat daar kan wees, 'n woestynwind wat hulle gedood het, was dit een of ander pes wat hulle oornag afgemaai het, ons weet nie.

Wat ons wel weet dat Sanherib, die koning van die Assiriërs, die trotse tiran, het wel lewend kon wegvlug; wéér tref ons hom in Nineve aan. Daar in Nineve, die stad wat met die latere profeet Jona ook 'n besondere verbintenis sou hê, maar in Nineve het Sanherib sy aardse einde teëgekom en dit deur verraad. Die Here het 'n vroeë oordeelsprofesie oor Sanherib aangekondig en so gebeur dit ook nou. Langs die altaar van sy magtelose afgod is hy deur sy twee seuns vermoor. So was dit ook die einde van Sanherib.

Met God se almag moet daar mee rekening gehou word, maar weet u wat maak Psalm 46 nog mooier want as ons met God se almag rekening hou, dan word ons by God se heerlijkheid, by sy majesteit, by sy onbeskryflike genade ingelyf. Wie met God se almag reken kan nie anders as om te sê God is vir ons 'n rotsvesting. Vers 8 staan dit - *die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons*. Ook weer aan die einde van die Psalm – vers 12- *Die HERE van die leërskare is met ons; die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons*. Die 2020 Vertaling vertaal die woord rotsvesting as 'n *toevlugsoord*, die 1983-Vertaling praat van 'n *beskutting*, maar tog dink ek "*rotsvesting*" is die beter vertaling. In die Hebreeus kom die woord daarop neer dit is 'n skuilplek, 'n beskutting in 'n hoë en veilige plek. Die God wat berge kan omkeer, die God kan dieselfde berge vir jou as mens as skuilplek aanbied. Ons besef as ons God ons rotsvesting noem dan bedoel ons eintlik maar net een ding dat by God kan ons gaan skuil.

Hy is die God van die verbond, sy verbond is rotsvas, want dit is die verbond wat God al met Abraham begin het, met Isak deurgevoer het, met Jakob bevestig het. Daarom dat die kind van Korag dan ook in die Psalm spesifiek melding maak *dat die God van Jakob is 'n rotsvesting vir ons*. Die genadeverbond lê ook vir die digter in die woord rotsvesting opgesluit.

En as ons vandag weer Geloftedag vier, ons vier dit al vir baie jare, maar wie die Gelofte vier kan nie anders as om God in sy verbond met sy kinders aan die werk te sien nie. Wie nie God se verbond raaksien as dit gaan om wat die Gelofte werklik bedoel was om te wees nie, misken die wese van wat die Gelofte bedoel was om te wees.

Soos Hiskia en soos Jesaja is daar in die dae van 9 tot 15 Desember 1838 in groot erns en biddende afhanklikheid tot God op grond van sy verbond genader. Die Gelofte word dikwels gesien as iets wat opgestel en afgelees was, asof Sarel Cilliers by 'n kanonwa sou gestaan het en toe die Gelofte afgelê het, soos die standbeeld in Kroonstad dit uitbeeld. Ons besef in daardie sewe dae voordat 16 Desember 1838 aangebreek het, was dit eintlik anders.

Dit was nie soos 'n vaste formule wat afgelees word nie, nêe dit was keer op keer biddend in die laer tydens hulle aandgodsdienste as gelofte afgebied wat ons laat besef die woorde oor die sewe dae vóór 16 Desember was sekerlik nie aand na aand presies dieselfde gewees nie, maar die strekking het dieselfde gebly. Die Gelofte is telkens biddend afgelê en daar is drie dalk vier besondere momente wat in die Gelofte elke keer bevestig word.

As God die oorwinning gee, dan moet hierdie dag 'n dankdag word, besondere dag, 'n dag wat *zoals een Sabbath ...* op besondere wyse aan God gewy moet wees. Nie dat die mens 'n ekstra Sabbat kan instel nie, nee dit was nooit die bedoeling nie, maar dit moet tog die herinnering wees, die dankbaarheid moet daar wees, dat God met ons was. Die tweede is dat daar kerklik iets moet gebeur. Die klompie Voortrekkers belowe aan die Here om as hulle mag oorwin en die dankdag kan plaasvind dat hulle as kerk dit mag vier, ja dat daar 'n huis vir die Here gebou mag word. Dit gaan om meer as net die Geloftekerk wat in Pietermaritzburg toe wel gebou was, maar is hulle diepste innerlike sugting dat die volk geestelik hulle huise in orde sal kry, ja dat die volk sal wees huisgesin van God, dit wat die kerk in al die eeue ten diepste tog moet wees en niks anders nie – HUISGESIN VAN GOD!

En om die huis in alles te vergestalt moet ook die nageslagte hiermee rekening hou. Die Gelofte het biddend onderneem om so 'n oorwinning as wonder van die Here hulle kinders in te skerp. Die Gelofte moet iets van 'n katkisasie saak word, anders is ons ook besig om met die Gelofte te mors.

As ons dit op 'n ander manier mag saamvat dan gaan die Gelofte oor hierdie wesentlike dinge. Hulle het beloof om 'n kerkgebou op te rig; hulle het beloof om die dag van oorwinning as gebedsverhoring van die Here te erken; hulle het beloof om by hulle kinders dit gedurig in te skerp dat die oorwinning 'n wonder van die Here was. Niemand mag daarvoor twyfel dat daardie klompie mans, so rondom 470 van hulle, het 16 Desember 1838 as 'n wonder van gebedsverhoring belewe. Ons mag dit ook vandag nie anders sien nie.

By Hiskia en Jesaja het ons vanoggend ook die wonder van gebedsverhoring kon lees. 'n Leërmag oor die 185 000 sterk is oornag deur God en in besonder deur sy Engel uitgewis. Die Engel wat ons, ons nie ons anders kan voorstel as Hy Wie ons Here Jesus Christus is nie. Met Hom het die Assiriërs hulle teen God se almag vasgeloop. In die Psalm is vv. 2, 8, 12 niks anders as 'n kragtige geloofsbelydenis te midde van die onrustige woelinge in die natuur en opstand van die nasies. Elke keer word dit bevestig dat die God met ons is. So kon die Voortrekkers op daardie Sondag-oggend van 16 Desember 1838 dit ook bely. Ná alles was dit vir hulle so duidelik dat God met ons was.

Ja, die woorde in vers 5 kon op daardie oggend ook besondere betekenis kry. As ons lees - *Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly, die heiligste van die woninge van die Allerhoogste. 5 (46:6) God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek.* Bloedrivier is nie 'n magtige groot rivier nie. Dis eintlik ook maar net met tye 'n stroom wat daar verby vloei. Tog as hulle later die dag hierdie rivier Bloedrivier noem, nie omdat dit sy naam vantevore was nie, maar die rivier het rooi geword van die baie bloed wat daarin was. Voorheen was dit as die Ncomerivier bekend. Dis 'n stroompie wat die Voortrekkers bly kon maak. Hoe baie bloed van ons het gevloei. Nou vloei die ander se bloed. Waarlik Bloedrivier!

In Psalm 46 sien ons ook iets van die geweldige kontras. Magtige waters, bruisende waters, water wat skuim, dit herinner aan 'n tsunami dit wat in vers 4 staan, dit maak die mens bang. Soveel soos wat jy jou magteloosheid teenoor 'n aardbewing besef; so is jy net so magteloos

teenoor 'n aardbewing in die see wat ons ken as 'n tsunami. Daarteenoor is ek en jy as mens niks. Ons is soos die skuim op daardie water. Ons kan onself op geen manier daarteen verdedig nie. Dan die geweldige oorgang vanaf die verskriklike waters na die kalme waters. *Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly.* Die 2020-Vertaling stel dit - *Daar is 'n rivier – sy watervore verskaf vreugde aan die stad van God, die heiligste woonplek van die Allerhoogste.*

Jerusalem, ja Israel oor die algemeen is 'n baie droë land. Bietjie water kan groot blydskap bring. Jerusalem se watervoorraad het eintlik net van 2 plekke gekom, die klein Siloamstroom en die Gihonfontein het die stad van water moes voorsien. As Israel deur die Gees van God meegevoer word dan kry hierdie waterstrome vir hulle diep geestelike betekenis. Jesaja 33, Esegïel 47, Joël 3 Sagaria 14, ja in al die gedeeltes is voorbeelde van water wat uit die tempel en uit die stad vloei. Alles simbolies van God maak ons bly, deur hierdie water maak Hy ons bly. *Die stroompies van 'n rivier maak die Godstad bly.* As God daarbinne is, kan ons mos nie anders as om bly te wees nie?! Want sê die Psalm saam met die stroompies van die Godstad ... *die heiligste van die woninge van die Allerhoogste.*
5 (46:6) God is daar binne-in, dit sal nie wankel nie; God sal dit help as die dag aanbreek.

As God in die Kerk is, dan is die Kerk iets om oor bly te wees, as God en sy Woord nie meer in die Kerk is nie, dan word die Kerk 'n verskriklike plek, dan is die Kerk op sigself 'n verskrikking wat mense dan van die Kerk kan maak. Dis 'n saak vir 'n ander dag! Vandag besef ons die Bloedrivier stroom was daardie dag bedoel as 'n stroom wat ons voorouers ná 'n verskriklike jaar kon bly maak. Daar was in die jaar soveel smart, soveel tranes, soveel swaar, dit was tragedie op tragedie en hier aan die einde van die jaar het God ons sy hand kom wys, ons kom bly maak oor 'n oorwinning wat nie mensewerk was nie.

God het Homself as ons rotsvesting bewys. Die Here van die leërskare is met ons. Dis alles woorde wat daardie 470 manne aan die einde van daardie Sondag die kind van Korag kon nasê. *Kom aanskou, die magtige dade van die Here ... wat oorloë laat ophou.* Na alles sê God vandag vir ons, Bloedrivier kan nie gebeur het, los van die bloed van God se eie Seun nie. Hy ons Here Jesus Christus, het sy bloed vir ons moes gee, dat daar werklik van 'n groter verlossing sprake kan wees, as maar net die verlossing wat daar by Bloedrivier was. In Christus gaan dit om baie meer as maar net die verlossing by Bloedrivier, ja die stroompie van die rivier in Natal moet aansluiting vind by die stroompie van die Godstad, maar as die

stroompie van die Godstad nie uitloop op Golgota nie, dan sal alles opdroog. Dan is alles tevergeefs, ook die uitkoms wat daar by Bloedrivier was. Mag hierdie wete ons viering van hierdie dag deurstroom.

AMEN